

Louise Dohne Merino produksieveiling

Op Vrydag 16 Februarie 2018 het die Louise Dohne Merino stoet 'n produksieveiling aangebied in die Heilbron distrik. Daar het 528 uistaande Dohne's onder die hamer gekom.

Die duurste ram van die dag was verkoop vir R21 000 aan Hugu Enslin van Kroonstad.

'n Totaal van 49 geregistreerde ramme was aangebied en 49 ramme was verkoop teen 'n gemiddeld van R8 653.

Die hoogste prys van R4 400 is betaal vir 'n groep dragtige ooie met drieling, die koper was Louis Kleynhans van Heilbron. Die gemiddeld van die ooie was R4 400. Die

duurste ooie dragtig met tweeling is ook aan Louis Kleynhans verkoop vir 'n bedrag van R4 100 terwyl die gemiddeld R3 977 was. Die duurste dragtige ooie met eenlinge is verkoop aan mnr Abrie Watson van Heilbron vir 'n bedrag van R3 800, terwyl die gemiddeld R3 503 was.

Die duurste oop ooie is verkoop aan Leon Roux vir 'n bedrag van R3 000, terwyl die gemiddeld R2 612 beloop het.

Die veiling het 'n 100% verkoopsyfer behaal en is uiters suksesvol aangebied deur BKB Louwid Frankfort, Jan Mostert het as afslaer opgetree.



Op die foto agter vl: Karel du Plessis (BKB); Jurgens Enslin (Koper van duurste ram); Hugu Enslin (Koper van duurste ram); Tsaats Hattingh (Verkoper van duurste ram); Jan Mostert (Afslaer); Marise Hattingh (Verkoper van duurste ram). Voor: Danie de Wet en sy seun Jean.


'n Resep om 'n storie te vertel

• *Saamgestel deur Tokollo Rehabilitasiespan*

Stories vorm deel van gedagtes deurdat dit 'n formaat verskaf om ervarings te onthou, deel en te verstaan (Olson, 1990). Soos genoem in die vorige Heilbron Herald van 23 Februarie 2018, is dit voordelig vir kinders om 'n storie wat vir hulle gelees word oor te vertel. Dit is nie net voordelig om interaksie tussen ouer en kind te bevorder nie, maar ook om taalinhoud-vorm en -gebruik van die kind te bevorder. 'n Storie is egter nie net 'n storie nie, en daar is verskeie komponente wat ingesluit moet word in 'n storie. Dit

is veral belangrik, omdat vaardighede wat nodig is om 'n storie te vertel 'n integrale deel van klasaktiwiteite is. Daar is ook 'n sterk korrelasie tussen hierdie vaardighede en leesbegrip. Die volgende komponente behoort ingesluit te word as 'n storie oorvertel word. Teen 7-8 jaar moet u kind al hierdie komponente kan insluit in die storie. As u kind jonger is, kan u hom/haar steeds blootstel aan hierdie komponente.

Knip die volgende prentjies uit en gebruik dit om u kind te herinner van al die komponente wat in sy /haar storie moet wees (Gemaak deur letsgrownspeech.com).



'n Volledige storie behoort as volg te lyk (Gebaseer op "Arno verjaar" in die Heilbron Herald 23 Februarie 2018):

- **Karakters:** Eendag lank lank gelede was daar 'n seuntjie. Sy naam was Arno. Hy het by sy oupa en oma gekuier vir sy verjaarsdag.
- **Plek:** Hulle het op 'n plaas gewoon.
- **Probleem:** Sy oupa het vir hom 'n eiertjie gegee vir sy verjaarsdag. Later in die dag, het die eiertjie gekraak en 'n eendjie het uit die eiertjie geklim, maar die eendjie het weggegaan en Arno kon hom nie weer kry nie.
- **Gevoelens:** Arno was baie hartseer omdat

- die eendjie weg is.
 - **Plan en Aksie:** Arno het besluit om na die eendjie te soek.
 - **Uitkomst:** Arno kon die eendjie nêrens kry nie, maar gelukkig het die eendjie later uit sy verjaarsdagkoek gesprong.
 - **Einde:** Arno was baie gelukkig, en het lekker verjaar verder. Die einde.
- Bronne: Klop, D. (2015). Narratiewe [Lesingsnotas]. Gekry vanaf <http://learn.sun.ac.za/my/>



Briewe aan:

Redakteur

To the Editor - The Heilbron Herald
Thanksgiving

Dear Sir,
Please allow me a space in your widely read newspaper to express my heartfelt thanks for all the love, prayers, support, visits and SMS messages from our family far and wide and so many dear friends in this very special town of Heilbron. We walked together, with God's strength and grace, through the challenging times of Eddie's disability and the very sad time of his death on 8th February 2018.

A special thank you to the management and staff of "Huis Bron-van-Heil" who lovingly cared for Eddie for 8 months, their dedication and love was wonderful. Their friendly manner was a real encouragement through very difficult times and we as a family are endlessly grateful for all their care.

We are blessed with many wonderful memories to recall the many years of travel, the 22 years of friendship here in Heilbron and so much more that was shared with both Eddie and I. With great appreciation and loving thoughts of thanksgiving especially to Reinet and Piet, Anton, Monique, Ruanne and Chene.

From: Caryl Loots



Eddie Loots

'n Kombuis is die hart van jou huis

U Heilbronner, gebore en getoë is die nuwe winkeleienaar van Hartklop. Die splinternuwe winkel open amptelik vandag hulle deure in Wentworth Square, winkel nommer 9 om 08:30. Die besigheidsure sal wees, weekliks vanaf 08:00 tot 17:00 en Saterdag 08:00 tot 12:00.

Hartklop voldoen aan vele produkte waarvan 'n koffiewinkel een is.

Ligte ontbyt en middagetes kan geniet word, terwyl daar aan heerlike koffie gesmul word. Die etes is alles tuisgemaak deur die eienaar self.

Kombuisware is ook beskikbaar onder-

andere, breekgoed, plastiekware, bakbenodighede, daaglikse artikels en oulike geskenke vir troues en kombuistees.

Verskeie tipes wol is te koop, sowel as breien hekelnaalde, linte en patrone. Daar word ook beoog vir naaldwerkmasjiengaring en naalde.

'n Groot verskeidenheid van speserye sal ook op die rakke wees, so ook neute en gedroogte vrugte. Groot opgewondenheid heers waar talle verbygangers alreeds die volgende genoem het: "Hierdie is presies wat die dorp nodig het - nou hoef ons nie meer vër te ry nie."

Wentworth Square no 9 • Open 2 Maart

<ul style="list-style-type: none"> • Koffiewinkel met ligte etes, vars gebak en ontbyt • Speserye • Kombuisware • Bakbenodighede • Vrugte en neute 	<ul style="list-style-type: none"> • Wol: <ul style="list-style-type: none"> - Eile pure gold - Eile pullskein - Charity - Classic pullskein - Eile cotton on - Virgin 100% cotton en vele meer
---	---

'n kombuis is die *hart* van jou huis

Kontak Marlene: 082 658 7298

Spertyd vir bydraes en advertensies vir die Heilbron Herald is Woensdae om 10:00. Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033 E-pos: herald-nuus@heilbron.co.za